

# Die gebruik van die onderskikker *wanneer* in hipotaktiese verbindings

*The use of the subordinating conjunction "wanneer" (when) in hypotactic binding*

**JOHANNA J E MESSERSCHMIDT**

Departement Kurrikulumstudie, Universiteit van die Vrystaat

[messerjj@gmail.com](mailto:messerjj@gmail.com)



Johanna  
Messerschmidt

**JOHANNA J. E. (HANNEKE) MESSERSCHMIDT** is 'n mede-professor in die Departement Kurrikulumstudie aan die Universiteit van die Vrystaat. Haar onderrigtaak sluit die aanbieding van modules in Vakonderwys Tale op voortgegaandevlak en Navorsingsmetodologie op nagraadsevlak in. Sy gee ook studieleiding aan M.-en D.-studente in Kurrikulumkunde. Sy het 'n leidende rol gespeel in internasionale navorsingsprojekte wat in samewerking met die Katolieke Universiteit Leuven, die Universiteit Antwerpen, die voormalige Universiteit Vista en die Universiteit van die Vrystaat in Mangaung onderneem is. Benewens die deskriptiewe lingüistiek sluit haar navorsingsbelangstellings taalverwerwing (Afrikaans en Suid-Sotho), taalonderrig en onderrigtale in.

**JOHANNA J. E. MESSERSCHMIDT** is an associate professor in the Department of Curriculum Studies at the University of the Free State. She teaches modules in subject education Languages on an undergraduate level and research methodology on postgraduate level. She supervises both M. and Ph. D. students in Curriculum Studies. She was the instigator of several international research projects in cooperation with the Catholic University of Leuven (Louvain), the University of Antwerp and Vista University. Apart from descriptive linguistics her research interests are in language acquisition (Afrikaans and Southern Sotho), language teaching and languages of teaching and learning.

## ABSTRACT

*The use of the subordinating conjunction "wanneer" (when) in hypotactic binding.*

In Afrikaans the subordinating conjunction "wanneer" (when) can be used in hypotactic binding and subordinate clause embedding. This paper, a continuation of an earlier paper on subordinate clause incorporation, examines the use of "wanneer" in hypotactic binding. Following a cognitive framework, actual usage is examined. Using an assumption from Construction Grammar makes it possible not only to describe the meaning of "wanneer", but also to investigate hypotactic binding as a whole. The Mental Spaces Theory is used to describe the role of "wanneer" as a mental space builder. A large corpus incorporating many different authors and diverse genres is used. This has the advantage that not only common, but also rare usages of "wanneer" in hypotactic binding have come to light. The corpus, obtained from the Internet, is analysed by computer-assisted methods.

The problem is contextualised by examining the nature of hypotactic binding, stressing the temporal nature of "wanneer" and conceptualising a temporal and probabilistic continuum

where the actions of the main and subordinate clauses occur. "Wanneer" builds a mental space in the sense of the Mental Spaces Theory in which the two events of the main and subordinate clause take place. This mental space is usually temporal, but may also be situational and probabilistic.

The usage of "wanneer" is categorised as narrative, generic, prognostic or hypothetic. Many examples are given of each and similarities are noted. The categories are not sharply defined and fuzzy continua exist. Some categories are subdivided further. In the generic category, general facts, definitions, scientific argumentation, advice and regulations, possibilities and permission are differentiated by examples. In the prognostic category, prophesies, prognostic regulations, promises, warnings and threats are found to exist. For most categories there are defining verb patterns.

Several adverbs are found to be typical modifiers of "wanneer". These adverbs can be grouped according to meaning. One group of adverbs, "selfs" (even), "ook" (also) and "veral" (especially), express inclusion. Exclusion is expressed by "slegs" (only), "net" (barely), "alleen" (merely) and "eers" (just). "Behalwe" (except) is found to be on its own, expressing exceptions especially in regulations. "Telkens" (in each case) was found to be a special case in that it does not modify the meaning of "wanneer", but accentuates the iterative application.

Sometimes, in contrast to English, the adverb "dan" (then) is used in the main clause. Especially in religious texts "dan" is used to accentuate the consequential nature of the subordinate clause. "Dan" is also used in lengthy sentences where a subordinate clause is inserted between the "wanneer"-clause and the main clause, to remind the reader of the previous statement.

The findings of the analysis are summarised in a table. A comparison between the usage of "wanneer" (when), "indien" (if) and "as" (if, when) is proposed as an area for further research.

**KEYWORDS:** "Wanneer" (when); hypotactic binding; probabilistic continuum; Construction Grammar; Mental Spaces Theory; mental space.

**TREFWOORDE:** *Wanneer*; hipotaktiese verbinding; waarskynlikheidskontinuum; denkruimte, Teorie van Denkruimtes; *Mental Spaces Theory*; *Construction Grammar*

## OPSUMMING

Die onderskikker *wanneer* kan in bysinsinlywing en in hipotaktiese verbinding gebruik word. In hierdie artikel word die gebruik van *wanneer* in hipotaktiese verbindings ondersoek aan die hand van 'n korpus dokumente wat van die Internet verkry is. Vanuit die oogpunt van *Mental Spaces Theory* kan *wanneer* as 'n ruimtebouer beskou word. Die bysin wat deur *wanneer* ingelei word, bou 'n temporele of situasionele ruimte waarbinne die hoofsin geld of verstaan moet word. Die gebruik van konstruksies met *wanneer* word op 'n waarskynlikheidskontinuum geplaas wat van feitlik tot teenfeitlik strek. Die gebruik word in breë groepe as verhalend, generies, voorspellend of hipoteties geklassifiseer. Geen duidelike grense bestaan tussen kategorieë en subkategorieë nie. Verwantskappe tussen gebruikte word ook aangedui. As modifiseerders van *wanneer* kom verskeie bywoorde voor, wat in kategorieë van insluiting, uitsluiting, uitsondering en beklemtoning geplaas kan word. 'n Vergelyking tussen die gebruik van *wanneer*, *indien* en *as* word as 'n veld vir verdere navorsing voorgestel.

## 1. INLEIDING

Die doel van hierdie artikel is om die gebruik van die onderskikker *wanneer* in hipotaktiese verbindings te beskryf. Dit sluit aan by 'n vorige artikel waarin die gebruik van *wanneer* in bysinsinlywing beskryf is (Messerschmidt 2008). Die navorsing waarop die artikel gebaseer is, vorm deel van 'n groter ondersoek na die gebruik van onderskikkiers in hedendaagse Afrikaans. In taalbeskrywings word die onderskeid tussen hipotaktiese verbinding en bysinsinlywing soms implisiet (Bosch 1984:276-279; Paardekooper 1971:143-146) of eksplisiet (Lehmann 1988:181-225; Matthiesen & Thompson 1988:311-312) getref. Die onderskikker *wanneer* word as meer tipies voegwoordelik in hipotaktiese verbinding as in bysinsinlywing beskou. In eersgenoemde konstruksie tree 'n *wanneer*-bysin as adjunk van die hoofwerkwoord op, terwyl dit by bysinsinlywing as komplement van die hoofwerkwoord of nabepaling van sinstukke optree.

Alvorens die gebruik van die hipotaktiese verbindings beskryf word, word 'n kort beskrywing van hipotaktiese verbinding as konstruksie gegee. 'n Aanname van *Construction Grammar*, 'n deelteorie van die kognitiewe linguistiek en kognitiewe grammatika, word aanvaar, naamlik dat nie slegs morfeme en woorde nie, maar ook grammatale konstruksies op die sintaktiese vlak, aan semantiese en pragmatiese betekenisaspekte verbind is (Dancygier & Sweetser 2006:9-10). Dit maak dit moontlik om nie slegs die betekenis van die onderskikker *wanneer* te beskryf nie, maar ook die hipotaktiese verbinding as geheel. Met behulp van meganismes uit 'n verdere deelteorie, naamlik *Mental Spaces Theory* (Dancygier & Sweetser 2006:11), kan die rol van *wanneer* as ruimtebouer in hipotaktiese verbindings toegelig word. Die betekenis van *wanneer* word deur voorafgaande bywoorde beïnvloed. Hierdie verskynsel word in die artikel bespreek. Verwantskappe tussen vorm en betekenis van konstruksies word hier ondersoek met die aanname dat sintaktiese en semantiese kategorieë nie duidelike grense het nie (Lakoff 1987:12-26; Messerschmidt 1997; Taylor 2003b:xiv). 'n Verdere aanname is dat taalgebruiksdata sentraal staan in taalkundige beskrywings en verklaarings (Taylor 2003a:314; Van Huyssteen 2002:316). Werklike taaldata wat uit 'n korpus Afrikaanse dokumente verkry is, is die sentrale objek van beskrywing in hierdie artikel. Dit is in ooreenstemming met kognitiewe en funksionalistiese sienings van taal (Givón 1995; Tomasello 2003: 5).

## 2. DATA-INSAMELING EN -ONTLEDING

In navolging van De Schrijver (2002) word die Internet as 'n korpus vir Afrikaans beskou. Outentieke dokumente is lukraak van die Internet getrek. Hulle sluit die volgende soorte in: koerantberigte, akademiese artikels, preke, prosa en webbladsye.

In die dokumente wat versamel is, kom 2631 sinne met *wanneer* voor. Hierdie sinne met *wanneer* is bestudeer ten einde sintaktiese en semantiese patronen in die data bloot te lê. Die rekenaar is as 'n hulpmiddel ingespan om klassifikasie van konstruksies te vergemaklik.

Alhoewel 'n groot aantal voorbeeld van die gebruik van *wanneer* in die korpus ingesluit word, is die doel nie om statistiese frekwensies van gebruikte te bereken nie (vgl. Dancygier & Sweetser 2006:23). Die beskrywing is eerder kwalitatief. Dit gaan om die aard van die konstruksie, nie om die frekwensie daarvan in hierdie spesifieke korpus nie. Taalgebruik wissel heelwat afhangende van die genre en individuele skryfstyl (Dancygier & Sweetser 2006:21-24). 'n Voordeel van die korpus is dat algemene gebruikte asook seldsame gevalle wat nog nie gedokumenteer is nie of waarvan die navorser as taalgebruiker nie bewus was nie, aan die lig kom.

Die outentieke voorbeeld uit die korpus staan sentraal in die teks. Daar word slegs 'n beroep op die idiolek van die skrywer gedoen in gevalle van noodsaaklike toelighting (vgl. sinne (3), (4) en (70)). Voorbeeld word verbatim aangehaal.

### 3. KONTEKSTUALISERING

#### 3.1 Die aard van hipotaktiese verbindings

‘n Voorbeeld van die konstruksie wat in hierdie artikel aan bod kom, is die volgende:

- (1) *Wanneer* Kersfees aanbreek, sal sommige van ons lidmate oor die land versprei wees (N.G. Gemeente Meyerspark 2005).

Die saamgestelde sin in hierdie konstruksie bestaan uit ‘n hoofsin en ‘n bysin wat deur die voegwoord *wanneer* ingeleei word. Op ‘n kontinuum van sinsverbinding is die verbinding tussen hoofsin en bysin vaster as in die geval van neweskikking en parataksis, maar losser as in die geval van onderskikkende inlywing (Lehmann 1988:181-189; Messerschmidt 1997; Taylor 2003a:430-431).

Sintakties beskou is die *wanneer*-sin ‘n adjunk in die hoofsin. Dit is ‘n bywoordelike bepaling by die hoofwerkwoord. Dit vertoon nie so ‘n sterk mate van kohesie met die hoofwerkwoord soos wat ‘n komplement vertoon nie (Chomsky 1965:101; Huddleston & Pullum 2002:694). Hipotaktiese verbindings soos in (1) word dus onderskei van onderskikkende of bysinsinlywing, bv.

- (2) Die telegram meld *wanneer* ons hulle kan verwag (Bosch 1984:276).

In hierdie geval is die *wanneer*-bysin ‘n komplement van die hoofwerkwoord *meld* en die verbinding is vaster as in die geval van (1). Die adjunksin is opsioneel, terwyl die komplementsin verpligtend is, soos blyk uit die aanvaarbaarheid van (3) teenoor die onaanvaarbaarheid van (4)

- (3) Sommige van ons lidmate sal oor die land versprei wees.
- (4) \*Die telegram meld.

Die onderskeid tussen hipotaktiese verbinding en inlywing (Lehmann 1988:181-225; Matthiessen & Thompson (1988:311-312) en dié tussen adjunkte en komplemente (Radford 1988:231-239) is reeds elders bespreek (Messerschmidt 2008). ‘n Diepgaande bespreking hiervan val buite die hooffokus van hierdie artikel.

#### 3.2 Temporele verhouding

Die onderskikker *wanneer* het die basiese betekenis “op die tydstip dat” en sinjaleer ‘n temporele verhouding tussen twee gebeurtenisse. Vanuit die gesigspunt van die Teorie van Mentale Ruimtes (*Mental Spaces Theory*), is die funksie van ‘n *wanneer*-sin die bou van ‘n mentale temporele agtergrondruimte waarbinne die hoofsin geld of verstaan kan word. Dancygier en Sweetser (2006:46) sê oor die Engelse ekwivalent van *wanneer*: “when further explicitly marks cotemporality of some aspect of the situation described in the main clause with a landmark time established by the space-building state of affairs set up in the when-clause.” In die geval van die eerste voorbeeld hierbo, kan dus beweer word dat “wanneer Kersfees aanbreek” ‘n temporele ruimte bou waarbinne die spreker die voorspelling maak dat “sommige van die lidmate oor die land versprei sal wees.” Een van die verskille wat Dancygier en Sweetser (2006:48) tussen die Engelse *when* en *if* uitlig, is dat *when* ‘n temporele ruimte bou, terwyl *if* ‘n meer algemene situasionele ruimte bou. Soos uit latere voorbeelde sal blyk, is die ruimte wat deur *wanneer* gebou word nie altyd temporeel van aard nie, maar kan dit ook op omstandighede dui. Die grense tussen tyd en omstandighede is nie altyd duidelik nie. Dikwels is verskillende interpretasies moontlik (vgl. voorbeeld (13) in 4.2.1).

'n Verdere verskil waarop Dancygier en Sweetser wys, is dat in die geval van *when* die spreker 'n positiewe epistemiese stellinginname ten opsigte van die bysin inneem, terwyl by *if* die stellinginname neutraal is. Hierdie verskil geld ook vir die Afrikaanse *wanneer* en *indien*. Nietemin word *indien* en *wanneer* in Afrikaans in sekere gevalle as sinonieme beskou, soos blyk uit die volgende voorbeeld

- (5) *Indien / wanneer* 'n leerling tot Laerskool Kensington toegelaat word, onderneem die ouer(s) skriftelik om toe te sien dat die etos (gees en karakter) van die skool gehandhaaf word ... (Laerskool Kensington s.d.).

Die gebeurtenisse in die hoofsin en bysin word in die geval van die onderskikker *wanneer* as ko-temporeel beskou. Hulle vind egter nie noodwendig gelyktydig plaas nie. Dit is gewoonlik so dat die gebeurtenis in die bysin (G1) net voor die gebeurtenis in die hoofsin (G2) plaasvind. Hierdie opeenvolging van gebeurtenisse lei maklik tot 'n interpretasie van "voorwaarde" (Bosch 1984). Dit is waarskynlik die rede waarom die gebruik van temporele bysinne met *wanneer* en voorwaardelike bysinne met *indien* oorvleuel. Harris (1986:279) wys op 'n soortgelyke verskynsel in Romaans.

### 3.3 Gebruiken op 'n waarskynlikheidskontinuum

Ten einde die gebruik van *wanneer* in hipotaktiese verbindings te beskryf, is dit nodig om gebruikskategorieë te identifiseer. Uit die data kan afgelei word dat die gebruik van hipotaktiese verbindings met *wanneer* op 'n waarskynlikheidskontinuum geplaas kan word wat reik van feitelikheid aan die een pool tot teenfeitelikheid aan die ander pool. Gebiede op die kontinuum sluit werklike stand van sake, werklike moontlikheid en hipotetiese stand van sake in (Johnson-Laird 1986:65; Ponelis 1979:356). 'n Verskeidenheid betekenisnuances kom veral ten opsigte van moontlikheid voor, waar bepaalde werkwoordvorme met bepaalde betekenis geassosieer word. Om oorsigtelikheid te behou, is vier breë gebruikskategorieë geïdentifiseer wat gebiede op die kontinuum verteenwoordig, naamlik verhalend, generies, voorspellend en hipoteties.

Die parameter wat hier vir die klassifikasie gebruik word, is die mate van waarskynlikheid dat die gebeurtenis in die hoofsin sal plaasvind as die tyd aanbreek of die omstandighede geld wat in die bysin uitgedruk word. Ander parameters sou gebruik kan word, soos relatiewe iteratiwiteit, algemeenheid, bepaaldheid en hegtheid van verbinding, want soos vir voorwaardelike konstruksies in Engels, is hier ook sprake van 'n komplekse interaksie tussen parameters (Comrie 1986:97). Hierdie parameters word as dimensies van gebruik beskou.

In Afrikaans word *as* as 'n minder formele variant van *wanneer* en *indien* gebruik. 'n Subtiele verskil in die betekeniswaardes van *wanneer* en *as* word deur die onderstaande voorbeeld geïllustreer.

- (6) Betalings sal gestaak word *wanneer* jy sterf, *as* die kind sterf, *wanneer* die kind te oud word, *as* iemand die kind begin versorg, of *as* jou omstandighede op enige ander manier verander sodat jy nie meer vir die toelaag kwalifiseer nie (Departement van Maatskaplike Dienste en Armoedeverligting; Wes-Kaapse Proviniale Regering 2005).

Daar is 'n groter waarskynlikheid dat die gebeurtenisse in die *wanneer*-sinne aangedui, sal gebeur as dié in die *as*-sinne. Dit is byvoorbeeld meer waarskynlik dat die volwassene ("jy") sal sterf as wat "die kind" sal sterf. Dit is ook realisties om te verwag dat die kind te oud (bv. 18) vir 'n toelaag sal word.

#### 4. GEBRUIKE VAN WANNEER

Vier breë kategorieë van gebruik van hipotaktiese verbindings met *wanneer* word bespreek, naamlik verhalend, generies, voorspellend en hipoteties, met subkategorieë binne elke kategorie. Die kategorieë in die gebruik van *wanneer* vertoon familie-ooreenkoms (Givón 1986:77-78) tussen die lede van dieselfde subkategorie en ook tussen lede van verskillende breë kategorieë.

##### 4.1 Verhalend

Voorbeelde (7) tot (10) verteenwoordig die mees feitelike gebruik van die onderskikker *wanneer*. Hulle kan as verhalend beskryf word. In die “verhaal” word twee gebeurtenisse (G1 en G2) beskryf wat op dieselfde tydstip of kort na mekaar in die verlede plaasgevind het.

- (7) *Wanneer* sy uiteindelik die pienk kralerokkie van die Londense ontwerper Eric Way teen haar ophou, proes sy onwillekeurig: “It looks bridal!” (Insig 2003).
- (8) Almal hap na lug wanneer hulle hoor die verloofdes is op pad Garies toe om ouers te vra (Odendaal 2003).
- (9) *Wanneer* alles gereed was vir die groot snoekvangs, het hulle oorgetrek na die Agterbaai nabij Stompneus (Brink s.d.).
- (10) *Wanneer* iemand tot bekering gekom het, is daar die daaropvolgende Sondag 'n rooi roos voor in die kerk neergesit (Anoniem (a) s.d.).

In (9) en (10) is die werkwoorde van hoofsin en bysin in die verlede tyd. In (7) en (8) kom die teenwoordigetydsform van die werkwoord in sowel bysin as hoofsin voor. Die gebeurtenisse word beskryf soos wat dit ontvou. *Wanneer* kan in (7) en (8) deur *toe* vervang word, terwyl dit in (10) nie moontlik is nie. In voorbeeld (10) is daar 'n iteratiewe betekeniswaarde teenwoordig, terwyl die gebeurtenisse in (7) en (8) eenmalig plaasgevind het. Uit die konteks van (9) kan afgelei word dat die gebeurtenisse wat beskryf word, ook nie eenmalig plaasgevind het nie. Tog kan die bywoord *telkens* nie voor *wanneer* geplaas word nie, soos wat wel in (10) moontlik is. Daar is skynbaar grade van iteratiwiteit. Sonder inagneming van die konteks sou die gebeurtenisse in (9) wel as eenmalig beskou kon word en sou *wanneer* ook deur *toe* vervang kan word.

Wanneer die sogenaamde gelykydigheid van die gebeurtenisse ondersoek word, kan afgelei word dat G1 tog effens voor G2 plaasvind in voorbeeld (7) tot (9) – G1 sit G2 aan die gang. In voorbeeld (10) is daar 'n duidelike tydsverloop van 'n week tussen G1 en G2. Verder is die plaasvind van G2 afhanglik van die plaasvind van G1. Daar is 'n alternatiewe scenario moontlik. Op tye waar niemand tot bekering gekom het nie, is daar nie 'n roos neergesit nie. Daar is dus sprake van alternatiewe denkruimtes wat gebou kan word. Hierdie alternatief is nie moontlik vir (7) tot (9) nie. Dit gaan daar oor voldonge feite. In (10) word 'n voorwaarde uitgedruk. Die gebeurtenis in die bysin is 'n voorwaarde vir die gebeurtenis in die hoofsin. *Wanneer* sou deur *indien* vervang kon word. Voorbeeld (9) beklee 'n tussenposisie. 'n Mate van voorwaardelikheid is teenwoordig, maar *wanneer* kan nie deur *indien* vervang word nie.

Uit die voorbeeld uit die korpus blyk dat die *wanneer*-bysin geneig is om voor die hoofsin te staan. Dit kan as ikonisiteit beskou word: die volgorde in plasing van die sinne weerspieël die volgorde in tyd van die gebeurtenisse. Voorbeeld (8) is 'n uitsondering op hierdie geneigdheid. Die handeling in die hoofsin word hier beklemtoon.

Die verhalende gebruik van konstruksies met *wanneer* is feitlik, spesifiek en bepaald, en verwys na gebeurtenisse wat reeds plaasgevind het. Dit wil voorkom of die gebruik van dieselfde werkwoordtye in hoofsin en bysin die ko-temporaliteit van die gebeurtenisse aandui.

## 4.2 Generies

Onder hierdie breë kategorie word die volgende subkategorieë bespreek: algemene waarhede, definisies, wetenskaplike argumentasie, advies, riglyne, gebruiksaanwysings en regulasies, asook moontlikheid en vergunning. Die werkwoordpatrone wat die groepe gebruik gemeen het, is 'n teenwoordig-teenwoordig-kombinasie. Die gebeurtenisse is egter nie gekoppel aan die hede nie. 'n Habituele, generiese teenwoordige tyd word uitgedruk (Dancyger & Sweetser 2006:95-97; Reilly 1986:311-315).

### 4.2.1 Algemene waarhede

Die voorbeeld hieronder druk reëlmagtighede in die fisiese wêreld uit. In (11) word die moontlikheid van herhaling eksplisiet deur *telkens* uitgedruk, wat in (12) ook ingevoeg sou kan word, indien 'n onbepaalde lidwoord voor *spermcel* gebruik sou word. 'n Waarde van oorsaaklikheid kan hier bespeur word.

- (11) Telkens *wanneer* die Son die meridiaan van 'n plek kruis (oorgaan), is dit vir 'n waarnemer op die meridiaan skynbaar 12-uur middag (Smits 2001).
- (12) *Wanneer* die spermcel binne-in die eier is, stel dit 'n chemiese sein vry wat die eier aktiveer (Mieliestronk s.d.).

'n Konstruksie wat aan bostaande verwant is, maar minder algemeen voorkom, is die volgende:

- (13) Water word besoedel *wanneer* die afval wat ons in ons daaglikse lewens produseer, in die water beland (Louw 2004).

### 4.2.2 Definisies

Die verskil tussen hierdie subkategorie en die voorafgaande is dat daar 'n agent is wat die "algemeen geldigheid" vasgelê het. Dit is duidelik uit die *ons* in (14). In (15) word 'n meer onpersoonlike passief gebruik. Tog kan afgelei word dat daar 'n groep wetenskaplikes is wat die bepaalde klassifikasie aanvaar. Die voorbeeld is dus meer konteksgebonden en bepaald as dié in 4.2.1 'n Verdere verskil is dat in onderstaande gevalle die oorsaaklikheid tussen die twee gebeurtenisse ontbreek.

- (14) *Wanneer* 'n gerehabiliteerde alkoholis (iemand wat opgehou het met drink) weer begin drink, noem ons dit 'n terugval (Wright s.d.).
- (15) *Wanneer* 'n kind bo die vyfde en op of onder die 15de persentiel geëvalueer word, word hy/sy as 'n risikogeval geïdentifiseer wat moontlike remediëring benodig (Peens & Pienaar 2004).

### 4.2.3 Wetenskaplike argumentasie

In wetenskaplike publikasies word 'n *wanneer*-sin dikwels gebruik om die leser voor te berei op die tema waaroor die hoofsin handel.

- (16) *Wanneer* hierdie reeks aktiwiteitie van nader beskou word, is dit duidelik dat die meerderheid persone binne die grense van 'n bepaalde literêre sisteem slegs deelneem aan enkele kanoniseringsprosesse (Van Coller 2001).
- (17) *Wanneer* die fokus verskuif na die gepaarde reaksies, is dit interessant dat 15 van die 23 respondentie die gebeurlikheidsverpligtinge van ondernemings wat hoofsaaklik handearbeiders in diens het, as meer belangrik beskou as die invloed van hierdie risikofaktor by die ander soort onderneming (Mostert & Mostert 2004).

- (18) *Wanneer* die gemiddelde skole in Suid-Afrika met die Belgiese skole vergelyk *word*, word matige verskille gevind wat betref vrae B65, B67, B68 en B70 (Mentz 2002).

Ook hier word die generiese teenwoordige tyd gebruik. Daar is 'n neiging om die werkwoord van die *wanneer*-sin in die lydende vorm te plaas soos in (16) en (18), alhoewel die bedrywende vorm ook voorkom soos in (17). Die hoofsin begin gewoonlik met *is dit* (*duidelik, interessant, nodig, opvallend, ens.*). Daar is nie 'n hegte binding tussen die bysin met *wanneer* en die hoofsin nie; die bewering in die hoofsin geld onafhanklik van die bewering in die bysin. Dié soort konstruksies verteenwoordig spraakhandelinge. Die *wanneer*-sin skep 'n ruimte vir die spraakhandeling van die spreker (vgl. Dancygier & Sweetser 2006:113), nie vir die gebeurtenis in die hoofsin nie.

#### 4.2.4 Advies, riglyne, gebruiksaanwysings, regulasies

In hierdie groep gebruikte kom 'n bevelsvorm of die hulpwerkwoord *moet* in die hoofsin voor. Advies word in die volgende voorbeeld uitgedruk:

- (19) Gooi een teelepel borrie in 'n glas water en drink *wanneer* koorsblare pla (Anoniem (b) s.d.)
- (20) Volgende keer *wanneer* jou oond skoongemaak is, vryf 'n pasta van koeksoda en water aan die binnekant van jou oond om dit volgende keer makliker skoon te maak (Anoniem (c) s.d.)
- (21) Moet nie u rekenaar alleen los *wanneer* u aangeteken is nie (Senwes s.d.).

Gewoonlik is die werkwoord van die *wanneer*-sin in die onvoltooid teenwoordige tyd, maar die voltooid teenwoordige tyd kom ook voor, soos blyk uit (20). In daardie voorbeeld dui die tydverwysing *volgende keer* aan dat die moontlike gebeurtenisse in die toekoms plaasvind. Riglyne word soms sagter gestel deur nie die bevelsvorm te gebruik nie, bv.

- (22) *Wanneer* u navraag van 'n personeellid se saldo's wil doen of navraag wil doen op die transaksies wat reeds ingevoer is gaan u in op opsie B (Universiteit Stellenbosch s.d.).

Deur die gebruik van die modale hulpwerkwoord *moet* en die tweede persoon as onderwerp in regulasies, word 'n sterk verpligting op die hoorder geplaas, bv.

- (23) Jy (die pleegouer) en die kind *moet* beide in Suid-Afrika woon *wanneer* die aansoek ingedien word (Departement van Maatskaplike Dienste en Armoedeverligting; Wes-Kaapse Proviniale Regering 2005).
- (24) *Wanneer* jy aansoek doen, *moet* jy sê hoe die geld uitbetaal moet word (Departement van Maatskaplike Dienste en Armoedeverligting; Wes-Kaapse Proviniale Regering 2005)
- (25) *U moet* u kind vir Graad 1 registreer *wanneer* sy/hy sewe jaar oud is of die ouderdom van sewe sal bereik gedurende die eerste skooljaar (Hoofdirektoraat: Menslike Huplbronnes-ontwikkeling (sic), Geslagsbillikheid en Skoolveiligheid, Departement van Onderwys s.d.).

Negatiewe vorme van *moet* kom in die omgekeerde van 'n voorwaarde of die opheffing van 'n verpligting voor. Dit kry die betekenis van "toegewing".

- (26) Jy hoef geen gelde te bepaal *wanneer* jy aansoek doen nie (Departement van Maatskaplike Dienste en Armoedeverligting; Wes-Kaapse Proviniale Regering 2005).

- (27) Dit is onnodig om 'n buffer- of versuringsmiddel vir alkaliese water te gebruik *wanneer* Dormex teen 5% aangewend word (Lombard s.d.).

Regulasies kan egter ook geformuleer word sonder om 'n verpligting op die hoorder te plaas, bv.

- (28) *Wanneer* die titel goedgekeur word, benoem die Universiteit 'n promotor onder wie se leiding die student sal werk (Universiteit van Suid-Afrika s.d.).

Konstruksies soos (28) het 'n sterk feitlike karakter aangesien die regulasies vooraf vasgelê is en dit feitlik seker is (waarskynlikheid: 1) dat G2 sal gebeur wanneer die tyd of omstandighede in die *wanneer*-sin geld. Die hoofwerkwoord kom soms ook in die toekomende tyd voor:

- (29) *Wanneer* die gelde ontvang word, sal die 5% tantieme daarvan afgetrek word en aan die Universiteit se Departement Finansies oorbetaal word (Universiteit van die Vrystaat s.d.).

- (30) *Wanneer* u bespreek word vir 'n operasie, sal u 'n narkose inligtingstuk by u chirurg of die hospitaal ontvang (SASA Acacia s.d.).

Regulasies soos (29) en (30) is verwant aan voorspellings.

#### 4.2.5 Moontlikheid en vergunning

Die modale hulpwerkwoorde *kan* en *mag* kan in die hoofsin gebruik word om betekenisnuanses van moontlikheid en vergunning uit te druk.

- (31) *Wanneer* die duiwel se swaar gees van mismoedigheid oor u lewe sak, *mag* u dalk so radeloos voel dat u nie eers kan bid nie (Wilkerison 1998).

- (32) Daar is 'n legio verskillende strategieë wat gevvolg *kan* word *wanneer* die aankoop van residensiële eiendom vir beleggingsdoeleindes oorweeg word (Strydom s.d.).

- (33) *Wanneer* jy klaar ingeskryf het *kan* jy alle dele van hierdie webblad benut en oor en oor en oor kom besoek (Die Verkenner Jeugraad 2005).

In (31) word 'n moontlikheid in die hoofsin uitgedruk wat as die waarskynlikste voorgehou word. In die denkruimte wat deur die bysin geskep word, bestaan die moontlikheid ook dat die hoorder nie radeloos sal voel nie. By (32) en (33) is daar alternatiewe scenario's binne die denkruimte moontlik.

In 'n negatiewe hoofsin word 'n beperking uitgedruk:

- (34) *Wanneer* 'n rusbrekkmiddel vir vervroeging aangewend word, kan nie dieselfde egaliteit van bot verwag word nie (Lombard s.d.).

Die genoemde gevalle van moontlikheid moet van die gebruik van *kan* om vermoë of kundigheid uit te druk, onderskei word (alhoewel die onderskeid nie altyd duidelik is nie), bv.

- (35) *Wanneer* ek erken dat iets slegs met my gebeur het *kan* ek dit hanteer en dit verwerk (Lunsklip 2005).

In die hoofsin van die volgende voorbeeld word die gevoel/vertroue van die uitgewer teenoor toekomstige moontlikhede teen die agtergrond van 'n voltooide prestasie van 'n skrywer uitgedruk. 'n Beteeniswaarde van voorwaarde skemer deur:

- (36) *Wanneer* 'n skrywer 'n leserskap ontwikkel het, het die uitgewer meer vertroue daarin dat sy of haar volgende boek sal verkoop, en die uitgewer *mag* instem op 'n voorskot of tantieme vir die volgende boek (Cyberleap s.d.).

Konstruksies met *mag*, soos (31) hierbo, lê op die grens van voorspelling. Die konstruksies met *kan* is aan regulasies verwant.

#### 4.3 Voorspellend

Die groep gebruikte wat as voorspellend beskou kan word, lê verder weg van die feitelike kant en nader aan die teenfeitelike kant van die waarskynlikheidskontinuum. In die korpus is die uitdrukking van verhalende gebeurtenisse skaars in vergelyking met gebeurtenisse wat nog moet plaasvind. Konstruksies met *wanneer* word dus as unrealiskonstruksies beskou in dié sin dat die gebeurtenisse wat beskryf word nog nie plaasgevind het nie of dat die toestand van sake wat in die *wanneer*-sin beskryf word, nog nie gerealiseer is nie. 'n Patroon wat duidelik in die korpus opval, is dié waar 'n teenwoordigetydsform in die bysin en 'n toekomendetydsform met *sal* in die hoofsin voorkom (presens-futurum). Voorspellings, voornemens, beloftes, waarskuwings en dreigemente kom onder die loep, asook "voorspellende regulasies". Hierdie betekenisnuanses druk verskillende grade van moontlikheid en waarskynlikheid uit. "Tipiese", "suiwer" voorspellings staan sentraal in hierdie groep.

##### 4.3.1 Voorspellings

Voorbeeld van voorspellings is die volgende:

- (37) *Wanneer* Mandela se liggaam ter ruste gelê word, sal sy voete nog na vryheid stap (Kombuis s.d.).
- (38) *Wanneer* hierdie tyd aanbreek, sal God finaal tussenbeide tree (Anoniem (d) s.d.).
- (39) *Wanneer* hierdie projek ten einde loop, sal slegs 10% van die inwoners van die QQNP een of ander formele betrekking betree (Pelser 2003).

In die bostaande voorbeeld vind nie slegs die gebeurtenis in die hoofsin in die toekoms plaas nie, maar ook die gebeurtenis in die bysin, terwyl die werkwoord van die bysin in die teenwoordige tyd is. Hierdie "teenwoordig vir toekomend" staan in die literatuur as "tydsverskuiwing na agter" (*tense backshifting* – vgl. Dancygier & Sweetser, 2006) bekend. In konstruksies soos dié met *wanneer* word agtergrond-denkruiimtes gekonstrueer waarteen die hoofsin gebruik kan word om 'n voorspelling te maak (Dancygier & Sweetser 2006:43). Genoemde skrywers wys daarop dat dit in Engels by *if* en by tydsaanduiders soos *after* en *before* voorkom. Hierdie patroon kom veral by voorspellings voor, waar die gebeure in die bysin nie voorspel word nie, maar die agtergrond beskryf waarteen die voorspellings plaasvind – duidend op 'n tipe landmerk-tyd (Dancygier & Sweetser 2006:46). Die tyd van G2 (tweede gebeurtenis) is op die tyd van G1 (eerste gebeurtenis) gebaseer. Die temporele waarde van *wanneer* geld hier.

Voorbeeld (37) tot (39) verteenwoordig spesifieke gevalle. 'n Algemener geval is die volgende:

- (40) Wanneer daar geen beplanning in 'n tuin is nie, sal daar vanselfsprekend onkruid groei (Kühn 2004).

Die voorspellende aard is swakker in hierdie voorbeeld; die hoofsin druk die gevolg van die omstandighede in die bysin uit.

##### 4.3.2 "Voorspellende" regulasies

Hierdie soort konstruksies is verwant aan die regulasies onder 4.2.4 bespreek, maar lyk op die oog af soos voorspellings as gevolg van die teenwoordigheid van die hulpwerkwoord *sal* in die

bysin. Omdat die plaasvind van G2 afhanglik is van die plaasvind van G1, word daar 'n betekeniswaarde van "voorwaarde" uitgedruk.

- (41) *Wanneer* alles afgehandel is, sal 'n egskeidingsbevel toegestaan word (Departement van Binnelandse Sake s.d.).

Voorbeeld (41) is verwant aan die regulasies (29) en (30), wat in 4.2.5 bespreek is.

#### 4.3.3 Beloftes

By die uitdrukking van 'n belofte staan die hoofsin gewoonlik voor en die werkwoord is in die eerste persoon. Die aksie van die spreker word beklemtoon.

- (42) Ek sal julle voed *wanneer* julle honger is (Newkirk 2002).

#### 4.3.4 Waarskuwings

Die betekenisnuanses is nie altyd duidelik onderskeibaar nie. Onderstaande voorbeeld kan as voorspelling én waarskuwing geïnterpreteer word.

- (43) *Wanneer* sommige gesinslede eerder in 'n ander kamer saam kuier as om na die woonkamer te gaan, sal daardie gesin gou-gou uitmekaarspat (De Beer s.d.).
- (44) *Wanneer* 'n kerndoorgang die Aarde gaan tref, sal dit vinnig deur die wêreld versprei (Newkirk 2002).

In (44) kom twee toekomendetydsvorme voor, naamlik *gaan* en *sal*. Dit wil voorkom of *sal* verder in die toekoms lê as *gaan* in hierdie gevval.

#### 4.3.5 Dreigemente

Waarskuwings kan baie naby aan dreigemente (negatiewe beloftes) lê, bv.

- (45) Ek sal nie ingryp *wanneer* julle die weg van die duisternis kies bo My Weg nie (Newkirk 2002).

By voorspellende konstruksies is daar 'n dimensie van eenmaligheid wat teenoor die iteratiewe gestel word. Die voorspelling in (44) verwys byvoorbeeld na 'n eenmalige gebeurtenis, terwyl die belofte in (42) as iteratief geïnterpreteer kan word.

### 4.4 Hipoteties

Die onderskikkers wat in Afrikaans in hipotetiese stellings verwag word, is *indien* en *as*. *Wanneer* word nie met teenfeitelikheid geassosieer nie. Alhoewel voorbeeld met *wanneer* in hipotetiese gebruik relatief skaars is, is sekere patronen in die korpus waargeneem. Soms word hipotetiese scenario's ter illustrasie voorgehou, bv.

- (46) Om hierdie simboliese waarde van geld in konteks te plaas: *Wanneer* 'n visserman een vis gevang het en hy kon dit verruil vir een skulp, verteenwoordig die skulp die moeite wat die visserman gedoen het om die seehulpbron te ontgin deur een vis te vang sodat 'n mens dit kan eet (Afrikaanse Wikipedia s.d.).
- (47) *Wanneer* 'n student uit 'n Westerse agtergrond tydens bespreking in die lesinglokaal bewyse sou bring van byvoorbeeld 'n séance oor stemme anderkant die graf, sou ons dit bespreek en aantoon waarom dit pseudowetenskap is en daar nie van evidensie gepraat kan word nie (Antonites 2003).

- (48) Stel u voor: *wanneer* God vandag sy Heilige Gees van u sou wegvat, wat bly daar van u pogings oor: u pogings om te bid, u pogings om vrede in u huis te bewaar? (Anoniem (e) 1992).

In die *wanneer*-sinne van bostaande voorbeeld kom modale hulpwerkwoorde in die verlede tydsform voor, naamlik *kon* en *sou* respektiewelik. In (46) is die werkwoorde in die verlede tyd met slegs 'n modale vorm in die bysin, wat aandui dat 'n hipotetiese ruimte geskep word, waarin die spreker 'n stelling maak. In (47) kom *sou* in beide sinne voor. 'n Hipotetiese stelling word binne 'n hipotetiese ruimte gemaak. In (48) is die hoofsin in die vorm van 'n retoriiese vraag, teen die agtergrond van 'n hipotetiese ruimte. 'n Retoriiese vraag word ook dikwels in wetenskaplike argumentasie ingesluit. In dié geval word 'n reële agtergrondruimte geskep waarin 'n probleem of vraag gestel word, bv.

- (49) *Wanneer* dit egter in die vertellerspektief ('n eerstelopersoonsvertelling vanuit die gesigspunt van die hoofkarakter) gebeur, skep dit egter onmiddellik 'n probleem: hoekom sou iemand wie se moedertaal Sotho is, in Afrikaans wou dink en vertel? (Olivier 1995).
- (50) *Wanneer* daar hewige teenstand teen die omgewing-onvriendelike tegnologie gedemonstreer word, ontstaan die kritiese vraag: hoe anders sou die bevolkingsontploffing van die minder ontwikkelde streke van die wêreld gedurende die afgelope halfeeu, vanaf 1709 miljoen tot 4867 miljoen (United Nations, 1999: 10/11), of dié van Suid-Afrika vanaf 13,6 miljoen tot 45 miljoen, geakkommodeer kon gewees het? (Sadie 2002).

Ook naby aan die teenfeitelike kant van die waarskynlikheidskontinuum is die volgende versugting, waar die modale hulpwerkwoord *mog* in die hoofsin voorkom:

- (51) Mog hulle met dieselfde sensitiwiteit reageer *wanneer* Afrikaans verknoop word, soos so dikwels in advertensies en elders gebeur (Anoniem (f) 2000).

Die onwaarskynlikheid dat die spreker glo dat die versugting waar sal word, word deur die verlede tyd van die hulpwerkwoord uitgedruk. Deur die gebruik van die verlede tydsforme van die hulpwerkwoorde word afstand geneem van die werklikheid waarin die spreker hom/haar bevind (vgl. Dancygier & Sweetser 2006:60-61).

Soms word 'n hipotetiese geval deur die werkwoordpatroon teenwoordig-toekomend uitgedruk, soos in (52). Dit is minder teenfeitelik as die vorige voorbeeld en is verwant aan regulasies.

- (52) *Wanneer* die boer sy ou bakkie op 'n nuwe inruil sal die negatiewe effek van die verhaling deur die 50% aftrekking van die nuwe voertuig uitgekanselleer word (Theunissen 2004).

'n Negatiewe ruimte kan geskep word om spekulasié uit te druk, selfs al is beide werkwoorde in die teenwoordige tyd, bv.

- (53) *Wanneer* jy nie die persoon innooi en sy/haar naam vra nie sal jy ook nie weet hoe om met/haar te begin gesels en hoe om op te tree nie (Lunsklip 2005).

## 5. KOMBINASIE MET BYWOORDE

In sommige gevalle word die onderskikker *wanneer* voorafgegaan deur 'n bywoord. Die kombinasie kan die aard van die verhouding tussen die hoofsin en bysin verander. Voorbepalings wat in die data voorkom, sluit in: *slegs*, *net*, *alleen (alleenlik)*, *selfs*, *ook*, *veral* en *behalwe*. 'n Verdere bywoord wat met *wanneer* geassosieer word, is *dan*, 'n korrelaat wat in die hoofsin verskyn.

## 5.1 Bywoorde as voorbepalings

Bywoorde word in groepe volgens betekenisverwantskap bespreek.

### 5.1.1 *Selfs, ook, veral*

Die drie bywoorde word saamgegroep omdat hulle 'n betekeniselement van insluiting bevat. Die gebruik van die konstruksie *selfs wanneer* duif op uitsonderlike omstandighede wat in die bysin vermeld word of dit kan as 'n onverwagte moontlikheid (omstandigheid) beskou word. Die spreker maak seker dat die genoemde moontlikheid by die omstandighede ingesluit word. In terme van denkrumtes kan beweer word dat daar verskillende ruimtes gebou word en die spreker seker maak dat 'n bepaalde nie-voor-die-hand-liggende ruimte ingesluit word.

- (54) Die helder diodes is duidelik waarneembaar *selfs wanneer* daar teen 'n hoek van tot 30° vanaf die hoofas na hulle gekyk word (Viljoen, Hanekom & Cilliers 2004).
- (55) Hy moet *selfs wanneer* hy 'n dokter wil gaan spreek die beampete se toestemming kry (Du Preez 2005).

By beklemtoning soos in (55) bestaan daar 'n neiging om die *wanneer*-sin binne-in die hoofsin te plaas.

Dit wil voorkom of die insluiting van die moontlikheid nie so dringend in die geval van *ook* as in die geval van *selfs* is nie. Die *wanneer*-sin kom soms as nagedagte voor, soos in (56).

- (56) Is jy opreg bly *wanneer* vriende, familie en kennisse suksesvol is, *ook wanneer* hulle meer bereik as jyself? (Anoniem (g) s.d.).
- (57) Dit geld *ook wanneer* twee diere van 'n soort wat in pare loop, gedood is (De Wet 2002).

In die konstruksie *veral wanneer* word een moontlikheid as belangrik uitgesonder. Ander (minder belangrike) moontlikhede word geïmpliseer, maar nie genoem nie. In die data kom daar 'n duidelike groep voorbeeld voor waar hierdie konstruksie in akademiese argumentasie gebruik word. Die bysin word agter geplaas, deur 'n komma van die hoofsin geskei. Dit verteenwoordig 'n redelike los verbinding waarin die bysin aan 'n nagedagte grens. Soms, soos in die geval van (61), word dit parenteties binne-in die sin geplaas.

- (58) Wat assessering betref, sou dit onraadsaam wees om al die eiers in een mandjie te sit, *veral wanneer* die mandjie as gevolg van beskikbare fondse met grashalms in plaas van rottang gevleg is (Huysamen 2002).
- (59) Dit stel formidabele eise aan die werkverskaffingsvermoë van die ekonomie, *veral wanneer* dit met die syfer van 142 vir blankes vergelyk word (Sadie 2002).
- (60) Plaas 'n stut teen die lae rug, *veral wanneer* jy in 'n motor of op 'n sagte sitkamerstoel of sofa sit (Browning 2003).
- (61) Die bou van hierdie skip was, *veral wanneer* daar op sy afwerking gelet word, 'n opeenvolging van allerlei vertragings (Ploeger 1969).

Die laaste voorbeeld is die enigste een in die korpus waar die bysin ingelei deur *veral wanneer* binne-in die hoofsin geplaas word. Geen geval waar *veral wanneer* die saamgestelde sin inlei, is waargeneem nie.

Voorbeeld (59) is anders as die ander in die sin dat dit 'n taalhandeling uitdruk (vgl. 4.2.3). Die omstandighede duif in wese die handeling aan wat die navorser uitvoer, naamlik om syfers te vergelyk. Die bewering in die hoofsin is onafhanklik van die bewering in die bysin waar.

### 5.1.2 *Slegs, net, alleen, eers*

Die konstruksie *slegs wanneer* impliseer dat daar verskillende moontlike omstandighede is waaronder die gebeure in die hoofsin kan plaasvind, maar dat slegs een moontlikheid geld en dat al die ander uitgesluit word.

- (62) Deesdae word hierdie vyf vereistes ewe belangrik geag by die bestuur van landgebruik *wanneer* dit vir volhoubaarheid geëvalueer word. *Slegs wanneer* daar bevredigend aan al vyf vereistes voldoen word, kan land oor die lang termyn volhoubaar gebruik word (Du Preez 2003).
- (63) U betaal u bybetaling *slegs wanneer* die saak geskik is of vonnis teen u verkry is, en u betaal dit direk aan die eiser of sy/haar regsvtereenwoordiger (AAIF 2005).

In die geval van (62) hierbo kan verskillende moontlike denekruimtes gekonstrueer word, die voldoening aan een, twee, drie, vier of vyf vereistes respektiewelik. Net die laaste moontlikheid maak die hoofsin waar (vgl. Dancygier & Sweetser 2006:205, 206 vir *only if*). *Slegs* kan ook in die hoofsin voorkom soos blyk uit die volgende voorbeeld, waar 'n sterk voorwaarde uitgedruk word:

- (64) Bystanddiens sal slegs gelewer word *wanneer* daaroor ooreengekom is (Anoniem (h) s.d.).

Die gebruik van *alleen* en *alleenlik* (sinoniem van *slegs*) *wanneer* is skaars, waarskynlik omdat *alleen/alleenlik* minder gepas sou wees by die formele *wanneer*. 'n Voorbeeld is die volgende:

- (65) *Alleen wanneer* ons saamstaan, sal ons van Suid-Afrika 'n beter plek kan maak (Marincowitz 2003).

Alhoewel *slegs* en *net* as sinonieme in alledaagse taal beskou word, is die gebruik van *net* as sinoniem van *slegs* selsaam in kombinasie met *wanneer* in die data en daar is 'n neiging, in die gevalle wat wel voorkom, om 'n negatief in die bysin te gebruik, bv.

- (66) Die 3D effek werk *net wanneer* jy nie 'n kleur vir die streep spesifiseer nie (Kruger s.d.).

In hierdie voorbeeld word spesifieke omstandighede uitgesluit deur die ontkenning in die bysin.

In ander gebruike kom die kombinasie *nie net wanneer* as teenstelling teenoor 'n ander tydsbepaling voor en is daar sprake van diep inlywing en nie tipiese hipotaktiese verbinding nie (Messerschmidt 2008), bv.

- (67) Dit verskil van ongeskiktheidsdekking in die opsig dat dit uitbetaal word sodra die gebeurtenis plaasvind en *nie net wanneer* jy permanent ongeskik is vir jou beroep nie (Lambrechts 2004).

Die gebruik van *eers wanneer* is soortgelyk aan die gebruik van *slegs wanneer*. Dit druk ook 'n sterk voorwaarde uit. Verskillende denekruimtes kan ook gekonstrueer word, maar die denekruimtes kom in 'n temporele volgorde voor en die een waarin die hoofsin geld, word op 'n sekere tydstip bereik.

- (68) *Eers wanneer* die argumente dat taal 'n hulpbron is, nagegaan is, kan die bogenoemde in perspektief geplaas word (Lubbe 2001).

### 5.1.3 *Behalwe*

Hierdie konstruksie kom in enkele gevalle in die korpus voor, waar uitsonderings op regulasies in die *wanneer*-sin uitgedruk word. Die moontlikhede waaronder die voorwaarde in die hoofsin (in negatiewe terme as 'n verbod) uitgedruk geld, word nie gegee nie, maar wel die omstandighede waaronder dit nie geld nie. Hierdie negatief + *behalwe wanneer* stem ooreen met positief + *slegs wanneer*. Die verbod kom sterker deur met die negatief in die hoofsin.

- (69) Dit impliseer onder ander: Dat ... rekenaarspeletjies op geen amptelike rekenaar van die Universiteit gespeel mag word nie, *behalwe wanneer* dit vir opleidingsdoeleindes deur 'n dosent aan studente opgedra word... (PU vir CHO 2003).
- (70) ... Dat rekenaarspeletjies op 'n amptelike rekenaar van die Universiteit gespeel mag word, *slegs wanneer* dit vir opleidingsdoeleindes deur 'n dosent aan studente opgedra word.

### 5.1.4 *Telkens*

*Telkens* verskil van die ander bywoorde in die sin dat dit nie die betekeniswaarde van *wanneer* noemenswaardig verander nie. Dit wil voorkom of dit slegs die iteratiewe aard van die gebeurtenis in die bysin beklemtoon, soos in voorbeeld (11) in afdeling 4.2.1.

## 5.2 Korrelasie met die bywoord *dan*

Soms verskyn die bywoord van tyd *dan* in die hoofsin. *Dan* verwys terug na 'n vorige tyd waarop 'n gebeurtenis plaasgevind het of nog gaan plaasvind. Dancygier en Sweetser (2006:154-155) wys daarop dat *then* in Engels nie eintlik na *when* volg nie, omdat *when* reeds 'n betekenisinhoud van tyd het. Die uitsonderings is wanneer daar sterk klem op die tyd gelê word. In die korpus is daar Afrikaanse voorbeelde waar *dan* wel as aanvuller van *wanneer* voorkom. Hierdie gebruikte in die korpus kan in drie breë kategorieën verdeel word, naamlik eerstens vir beklemtoning, veral in tekste met 'n godsdienstige strekking wanneer 'n waarskuwing uitgedruk word; tweedens in sogenaamde taalhandelinge en derdens in die geval van 'n langerige sin waar sinsdele soos bysinne tussen die *wanneer*-sin en sy hoofsin geplaas is. Dit is moontlik dat in die laaste geval die skrywer weer die leser aan die voorafgaande tyd herinner deur die gebruik van *dan*.

- (71) Laat dit aan almal meegedeel word dat *wanneer* julle teen My gesalfdes te staan kom, *dan* kom julle teen My te staan (Newkirk 2002).
- (72) *Wanneer* mens na die wettiging van prostitusie kyk *dan* gaan daar gewoonlik 3 argumente op, nl. ... (Praag 2005).
- (73) Maar *wanneer* hy sien en begin om te gewaar, dat vir sy buit die grootste gevaar dreig, *dan* begin hy ook onmiddellik, om geweldig te roer en te veg vir sy vermeende eiendom (Lorber 1981).

## 6. OPSOMMING

Die gebruikte kan soos volg opgesom word:

**TABEL 1:** Opsomming van gebruik van hipotaktiese verbindings met *wanneer*

<b>Posisie op kontinuum</b>	<b>Kategorie</b>	<b>Gebrauke</b>	<b>Werkwoord-patroon</b>
Feitelik	Verhalend	verhaal of verslag	verl.t. - verl.t. onvolt.teenw.t.- volt.teenw.t.
Moontlik (nader aan feitelike pool)	Generies	1. algemene waarhede 2. definisies 3. wetenskaplike argumentasie 4. advies, riglyne, gebruiks-aanwysings en regulasies 5. moontlikheid en vergunning	teenw.t. -teenw.t. [lydende vorm] [bevelsvorm of <i>moet</i> in hoofsin] [ <i>mag</i> en <i>kan</i> in hoofsin]
Moontlik (nader aan teenfeitelike pool)	Voorspellend	1. voorspellings 2. "voorspellende" regulasies 3. beloftes 4. waarskuwings 5. dreigemente	teenw.t. - toek.t.
Teenfeitelik	Hipoteties	spekulatief, epistemologies, teenfeitelik, hipoteties	verl.t. van modale hulpww.: <i>sou</i> en <i>mog</i>

## 7. GEVOLGTREKKING

In hierdie artikel is die gebruik van die Afrikaanse onderskikker *wanneer* in hipotaktiese verbindings beskryf. Uit die verskeidenheid moontlike parameters is die mate van waarskynlikheid dat 'n gebeurtenis sal plaasvind, gekies. Vier groep gebruik is bespreek, naamlik verhalend, generies, voorspellend en hipoteties. Daar is ook aangetoon hoe die betekenis van *wanneer* deur voorbepalende bywoorde genuanseer kan word. Verdere navorsing is nodig om diever in te gaan op sekere kwessies wat binne die bestek van een artikel slegs aangeraak kon word. Ooreenkoms en verskille tussen die gebruik van *wanneer*, *indien* en *as* is een van die sake wat nader ondersoek behoort te word.

## BIBLIOGRAFIE

### Databronne

- AAIF, 2005. *Tipiese vrae*. <http://www.aiif.co.za/faq.phtml?l=afr> [4 April 2005].  
Afrikaanse Wikipedia, s.d. *Geld*. <http://af.wikipedia.org/wiki/Geld> [28 Februarie 2005].  
Anoniem (a), s.d. *Een vir een*. <http://www.jwipn.com/afrikaans/eenvireen.htm> [14 Maart 2005].  
Anoniem (b), s.d. *Rate vir koorsblare*. <http://www.egaafrikaans.co.za/koorsblare.htm> [23 Februarie 2005].  
Anoniem (c), s.d. *Huishoudelik*. <http://www.egaafrikaans.co.za/wenkeblad/huishoudelik.htm> [2 Maart 2005].

- Anoniem (d), s.d. *Stede van onheil – Opgestel vanaf werke deur E.G. White* - [http://www.youngservant.za.org/docs/stede\\_van\\_onheil.doc](http://www.youngservant.za.org/docs/stede_van_onheil.doc) [16 Maart 2005].
- Anoniem (e), 1992. *Nabetraging (sic) Nagmaal*. <http://www.vgk.org.za/preke/preke/SON02EAB.htm> [28 Februarie 2005].
- Anoniem (f), 2000. Met spelers wat 'die veld neem', is die vraag: Waarnatoe Nuweland? *Die Burger* 20 Oktober (laaste), bl. 8.
- Anoniem (g), s.d. *Speel jy vir 'n Gehoor van Een?* <http://www.echurch.co.za/Argiewe/GoeieNuus/goeienusu20050227.htm> [11 April 2005].
- Anoniem (h), s.d. *Die nuwe dienskontrak vir huiswerkers*. <http://home.intekom.com/rbb/Huiswerkers%20kontrak.doc> [6 April 2005].
- Antonites, A. 2003. Die uitdaging van kulturele diversiteit vir die doseer van filosofie. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 43(3 & 4):215–224.
- Brink, A. s.d. Snoektyd. In: *West Coast Explorer*. <http://www.sawestcoast.com/bsnoek.html> [15 Maart 2005].
- Browning, G.W. 2003. *Meganiese Lae Rug Pyn*. <http://www.vhct.org/case1699-A/prevention.shtml> [23 Februarie 2005].
- Cyberleap. s.d. *Hoe word skrywers betaal vir hulle werk?* <http://thewritersnetwork.org/cms/index.php?id=174> [15 Maart 2005].
- De Beer, J. s.d. *Riglyne vir ouderlinge wat eredienste moet lei*. <http://www.ngkn.com.na/artikel2.htm> [15 Maart 2005].
- Departement van Binnelandse Sake s.d. *Hoe om te skei*. <http://www.capecateway.gov.za/afr/directories/services/11532/17761> [9 Maart 2005].
- Departement van Maatskaplike Dienste en Armoedeverligting (Wes-Kaapse Provinciale Regering). 2005. *Toelaag vir die Versorging van 'n Jong Kind (Kindersorgtoelaag)*. <http://www.capecateway.gov.za/afredirectories/services/11586/47468> [6 April 2005].
- De Wet, T. 2002. Bestry skade met gerigte beheer (probleemdiere 5). *Landbouweekblad* 31 Januarie.
- Die Verkenner Jeugraad, 2005. *Welkom*. <http://www.jeugraad.org.za/> [16 Maart 2005].
- Du Preez, C.C. 2003. Volhoubare landgebruik en grondkwaliteit: organiese materiaal as indikator. *SA Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie* 22(4):106–112.
- Du Preez, L. 2005. Hestrie se swaer kry borgtog. *Volksblad* 19 Februarie, bl. 5.
- Hoofdirektoraat: Menslike Hulplbronne-ontwikkeling (sic), Geslagsbillikheid en Skoolveiligheid, Departement van Onderwys s.d. *Rights And Responsibilities Of Parents - A Guide To Public School Policy (Afrikaans)* <http://education.pwv.gov.za/content/documents/54.pdf> [16 Maart 2005].
- Huysamen, G.K. 2002. Verrigtingsassessering: Potensiële achilleshiel van uitkomsgebaseerde onderwys. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 42(2):81–93.
- Insig, 2003. *In amper soveel woorde*. [http://www.insig.com/blad\\_vorige/aug\\_2003/03\\_08\\_01.html](http://www.insig.com/blad_vorige/aug_2003/03_08_01.html) [16 Maart 2005].
- Kombuis, K.A. s.d. *Is Kerkorrel se dood 'n kleedrepetisie vir die dood van Mandela?* <http://www.litnet.co.za/koospens/kerkorrel.asp> [14 Maart 2005].
- Kruger, J. s.d. *Leer Webblad Ontwerp*. [http://members.freemail.absa.co.za/johannes.kruger/wl\\_hr.html](http://members.freemail.absa.co.za/johannes.kruger/wl_hr.html) [11 April 2005].
- Kühn, F. 2004. Pitkos – Gedagtes wat jou lewe kan verander. *Volksblad* 7 Julie, bl. 4.
- Laerskool Kensington, s.d. *Kensieland Tuisblad*. <http://mzone.mweb.co.za/residents/kensie/toelatin.html> [5 April 2005].
- Lambrechts, L. 2004. *Vroue moet ook vir tragedies beplan*. [http://www.finance24.com/Finance/Jou\\_Geldsake/Geldwenke/0,,1518-102-1546\\_1569669,00.html](http://www.finance24.com/Finance/Jou_Geldsake/Geldwenke/0,,1518-102-1546_1569669,00.html) [11 April 2005].
- Lombard, J. s.d. *Rus en rusbreekpraktyke by tafeldruïwe*. [http://www.dfpresearch.co.za/Table%20Grapes/rusbreek\\_by\\_tafeldruiwe.htm](http://www.dfpresearch.co.za/Table%20Grapes/rusbreek_by_tafeldruiwe.htm) [4 April 2005].
- Louw, J. 2004. *Waterbesoedeling en wat ek daaraan kan doen*. <http://www.mieliestronk.com/ruil5.html> [14 Maart 2005].
- Lorber, J. 1981. *Die huishouding van God*. <http://www.zyworld.com/lorber/HHG2/HHG2-196-205.htm> [16 Maart 2005].
- Lubbe, H.J. 2001. Inhoudsontleding van die gesprek rondom Afrikaans in die gedrukte media vir die tydperk April 1994 tot 1996. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 41(2):81–117.

- Lunsklip, 2005. *Hoe staan ek weer op?* <http://www.lunsklip.org.za/modules.php?op=modload&name=News&file=article&sid=28> [16 Maart 2005].
- Marincowitz, H. 2003. Staan saam vir beter SA. *Die Burger* 4 November, bl.5.
- Mentz, P.J. 2002. Gehalte van werklike van onderwysers in 'n periode van konstitusionele hervorming en veranderinge in die onderwys. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 42(4):237–249.
- Mieliestronk, s.d. *Die ontstaan van die lewe*. <http://www.mieliestronk.com/liggaam2.html> [2 Maart 2005].
- Mostert, J.H. & Mostert, F.J. 2004. Belangrikheid van arbeidsverwante risikofaktore vir beleggingsbesluitneming insake die bate-allokasie van langtermynversekeraars. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 44(1):62–71.
- Newkirk, L. 2002. *Vanaf die Berg, Boek VII*. <http://www.prophecies.org/afrikaans/boek7/hoof19.htm> [16 Maart 2005].
- N.G. Gemeente Meyerspark, 2005. *Maandblad*. Jaargang 1, Uitgawe 5. <http://www.ngmeyerspark.za.org/maandblad-des.htm> [10 Maart 2005].
- Odendaal, D. 2003. Episode 580. *7de Laan*, 13 Oktober. <http://www.7delaan.co.za/ViewEpisode.asp?ID=14> [18 Maart 2005].
- Olivier, F. 1995. Ongemaklikheid oor dié Afrikaans. Jy wonder waar kom dit vandaan. *Beeld* 20 November, bl. 8.
- Peens, A. & Pienaar, A.E. 2004. Selfkonsep van 10- tot 12-jarige seuns en meisies met en sonder DCD in die Noordwesprovinsie. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 44(1):52–61.
- Pelser, A. 2003. Omgewingsbewaring in 'n nuwe era: 'n Nis vir die geestes- en sosiale wetenskappe. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 43(3 en 4):164–176.
- Ploeger, J. 1969. Die "Victory", 'n beroemde Britse oorlogskip. *Military History Journal* 1(4). <http://rapidtp.com/milhist/vol014jp.html> [4 April 2005].
- Praag, 2005. *Geselsforum*. [http://www.praag.org/gesels/topic.asp?TOPIC\\_ID=20](http://www.praag.org/gesels/topic.asp?TOPIC_ID=20) [16 Maart 2005].
- PU vir CHO, 2003. *Reëls vir die gebruik van die Universiteit se rekenaarsfasilitete*. <http://www.puk.ac.za> [10 April 2005].
- Sadie, J.L. 2002. Ekonomiese gevolge van Suid-Afrika se demografiese tendense. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 42(2):128–144.
- SASA Acacia, s.d. *Voorwaardes vir Narkose*. [http://www.acaciasasa.co.za/wwwacaciasasaAll/b\\_Public/Afrikaans/voorwaardes.htm](http://www.acaciasasa.co.za/wwwacaciasasaAll/b_Public/Afrikaans/voorwaardes.htm) [14 Maart 2005].
- Senwes, s.d. Oor u sekuriteit en privaatheid. *MySenwes*. [https://www.senwessecure.co.za/mysenwes/afr/about\\_security\\_privacy.asp](https://www.senwessecure.co.za/mysenwes/afr/about_security_privacy.asp) [14 Maart 2005].
- Smits, D.P. 2001. Sal die Era van Aquarius met 'n "skrikkelsprong" in die millennium tot sy reg kom? SA *Tydskrif vir Natuurwetenskappe en Tegnologie* 20(1):14–21.
- Strydom, T. s.d. *'Koop-en-hou' as beleggingsstrategie vir eiendom*. <http://www.tspg.co.za/koopenhou.shp> [16 Maart 2005].
- Theunissen, P. 2004. *Belastingimplikasies by die aankoop van 'n voertuig*. <http://www.computus.info/Downloads/Bakkiebelasting.PDF> [15 Maart 2005].
- Universiteit Stellenbosch, s.d. *Gebruikers handleiding(sic) – Verloftstelsel*. [http://admin.sun.ac.za/hr/Verlofhandleidings/Verlof\\_Handleiding.doc](http://admin.sun.ac.za/hr/Verlofhandleidings/Verlof_Handleiding.doc) [2 Maart 2005].
- Universiteit van die Vrystaat, s.d. *Beleid ten opsigte van die bemarking van fondswerwingsprojekte*. [http://www.uovs.ac.za/support/marketing/docs/A\\_market.pdf](http://www.uovs.ac.za/support/marketing/docs/A_market.pdf) [15 Maart 2005].
- Universiteit van Suid-Afrika, s.d. *Studies vir Magister- en Doktorsgrade* <http://www.unisa.ac.za/contents/courses/postgrad/docs/P2158.pdf> [16 Maart 2005].
- Van Coller, H.P. 2001. N.P. van Wyk Louw as kanoniseerdeerder (Deel I). *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 41(1):63–72.
- Viljoen, S., Hanekom, T. & Cilliers, P.J. 2004. Oogknipbeheerde rekenaarmuise: Ontwerp en Evaluering. SA *Tydskrif vir Natuurwetenskappe en Tegnologie* 23(1 & 2):22–24.
- Wilkerson, D. 1998. *Wanneer 'n Mens Op Moedverloor Se Vlake Kom!* <http://www.tscepulpitseries.org/afrikaans/ts981228.htm> [15 Maart 2005].
- Wright, A. s.d. *My Pa/Ma het 'n drankprobleem ... "SO WHAT"* [http://www.cad.org.za/Dokument/Boekc/My\\_Pa\\_Ma/Les7.htm](http://www.cad.org.za/Dokument/Boekc/My_Pa_Ma/Les7.htm) [4 April 2005]

## Literatuur

- Bosch, A.B. 1984. 'n Sintaktiese ondersoek na die gebruik van onderskikkende voegwoorde en sinsverbindende woorde in Afrikaans. Ongepubliseerde proefskerif: Rhodes Universiteit.
- Chomsky, N. 1965. *Aspects of the theory of syntax* (eleventh impression 1976). Cambridge, Massachusetts: The M.I.T. Press.
- Comrie, B. 1986. Conditionals: a typology. In Traugott, E.C., Ter Meulen, A., Reilly, J.S. & Ferguson, C.A. *On conditionals*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Dancygier, B. & Sweetser, E. 2006. *Mental spaces in grammar: conditional constructions*. Cambridge Studies in Linguistics 108. Cambridge: Cambridge University Press.
- De Schrijver, G-M. 2002. Web for/as Corpus: A Perspective for the African Languages. *Nordic Journal of African Studies* 11(2):266-282.
- Givón, T. 1986. Prototypes: between Plato and Wittgenstein. In Craig, C. (red.). *Noun classes and categorization. Typological Studies in Language* 7. Amsterdam/Philadelphia: John Benjamins.
- Givón, T. 1995. *Functionalism and Grammar*. Amsterdam/Philadelphia: John Benjamins.
- Harris, M.B. 1986. The historical development of SI-clauses in Romance. In Traugott, E.C., Ter Meulen, A., Reilly, J.S. & Ferguson, C.A. *On conditionals*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Huddleston, R. & Pullum, G.K. 2002. *The Cambridge grammar of the English language*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Johnson-Laird, P.N. 1986. Conditionals and mental models. In Traugott, E.C., Ter Meulen, A., Reilly, J.S. & Ferguson, C.A. *On conditionals*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Lakoff, G. 1987. *Women, Fire, and Dangerous Things. What Categories Reveal about the Mind*. Chicago: The University of Chicago Press.
- Lehmann, C. 1988. Towards a typology of clause linkage. In Haiman, J. & Thompson, S.A. (eds). *Typological studies in language* 18. *Clause combining in grammar and discourse*. Amsterdam: John Benjamins.
- Matthiesen, C. & Thompson, S.A. 1988. The structure of discourse and 'subordination'. In Haiman, J. & Thompson, S.A. *Clause combining in grammar and discourse*. Amsterdam: John Benjamins.
- Messerschmidt, J.J.E. 1997. Voegwoorde sonder grense. In Kotzé, E.F. (samesteller). *SA Linguistiek* 1997. Referate gelewer tydens die 33ste Jaarkongres van die Linguistevereniging van Suider-Afrika (LVSA) gehou aan die Universiteit van Natal (Durban), 2-4 Julie.
- Messerschmidt, J.J.E. 2008. Die gebruik van die voegwoord *wanneer* in bysinsinlywing. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 48(1):1-18.
- Paardekooper, P.C. 1971. *Beknopte ABN-syntaksis*. Den Bosch: Malmberg.
- Ponelis, F.A. 1979. *Afrikaanse sintaksis*. Pretoria: Van Schaik.
- Radford, A. 1988. *Transformational Grammar: a first course*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Reilly, J.S. 1986. The acquisition of temporals and conditionals. In Traugott, E.C., Ter Meulen, A., Reilly, J.S. & Ferguson, C.A. *On conditionals*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Taylor, J.R. 2003a. *Cognitive Grammar* (third impression). Oxford: Oxford University Press.
- Taylor, J.R. 2003b. *Linguistic categorization*. Oxford: Oxford University Press.
- Tomasello, M. 2003. *Constructing a Language. A Usage-Based Theory of Language Acquisition*. Cambridge Massachusetts: Harvard University Press.
- Van Huyssteen, G. B. 2002. Teoretiese vooronderstellings van 'n kognitiewe gebruiksgebaseerde beskrywingsmodel vir die Afrikaanse grammaatika. *Southern African Linguistics and Applied Language Studies* 20(4):303-323.